LEERLINGPRESTASIES

# GESKIEDENISOLIMPIADE 1992

Vanjaar het die Sesde Geskiedenisolimpiade van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns plaasgevind. Aan die eerste ronde, wat bestaan uit meerkeusige kortvrae wat rekenaarmatig nagesien word, het 2 484 leerlinge deelgeneem. Die 50 toppresteerders het deurgedring na die tweede ronde wat uit 'n vraestel met langer vrae bestaan. Die tien wenners word elders op hierdie bladsy aangekondig.

Die Geskiedenisolimpiade is tans goed gevestig. Hoewel die getal leerlinge en skole wat aan die eerste ronde deelgeneem het, 'n afname toon teenoor 1990 en 1991 se getalle, is daar 'n aantal buitengewone omstandighede wat vanjaar 'n rol gespeel het. Die aantal leerlinge uit skole van die Departement Onderwys en Opleiding het skerp afgeneem. Die Vrystaatse Onderwysdepartement bied skynbaar 'n eie provinsiale olimpiade aan wat meebring dat die deelname uit dié streek jaarliks afneem. Skole van die Departement Onderwys en Kultuur (Huis van Verteenwoordigers) het in veel groter getalle as in die verlede deelgeneem, terwyl daar ook 'n geringe styging in die deelname van privaatskole en skole uit Natal is. Terwyl die getal skole van die Departement Onderwys en Kultuur (Huis van Afgevaardigdes) afgeneem het, het die leerlingtal egter toegeneem. Meer skole van die Kaaplandse Onderwysdepartement het vanjaar deelgeneem, maar die getal leerlinge uit Kaapland was minder. As 'n mens Kaapland se sukses in die vorige twee olimpiades in aanmerking neem, is dit veral 'n teleurstellende ontwikkeling. Transvaalse skole en leerlingtal het heelwat afgeneem. Die deelname aan die Geskiedenisolimpiade vergelyk goed met dié aan die Wiskunde-olimpiade.

Daar is waarskynlik 'n drietal faktore wat in aanmerking geneem moet word. Die feit dat die tweede ronde in die middel van September, toe baie skole met eksamens besig was, plaasgevind het, het waarskynlik sommige skole en leerlinge laat besluit om nie deel te neem nie. Die onrus in sommige skole kon 'n faktor gewees het in die deelname van die skole van die Departement Onderwys en Opleiding. Die ingrypende verandering wat die oorskakeling na model C-skole in ander skole teweeggebring het, kon ook invloed uitgeoefen het.

**Die tabel van deelname is soos volg:**

| | 1991 | 1992 |
|---|---|---|
| Departement Onderwys en Opleiding | 528(57) | 387(45) |
| Departement Onderwys en Kultuur (Huis van Verteenwoordigers) | 20(4) | 71(9) |
| Departement Onderwys en Kultuur (Huis van Afgevaardigdes) | 399(35) | 412(31) |
| Namibië | 2(1) | 5(2) |
| Privaatskole | ?(18) | ?(21) |
| KOD | 955(95) | 869(96) |
| NOD | 125(13) | 134(14) |
| DOOVS | 43(9) | 28(8) |
| TOD | 779(76) | 578(64) |

(Getalle tussen hakies is aantal skole)

Die groot deelname en die goeie prestasies van plattelandse skole, is besonder verblydend. Die wenner van die goue medalje kom van Groblersdal en ander plattelandse medaljewenners is van Secunda, Alexandria en Pietersburg. Vir die eerste keer het twee swart leerlinge na die tweede ronde deurgedring. Daar was al meermale Indiërleerlinge in die tweede ronde. Twee Privaatskole in Johannesburg het vanjaar besonder goed presteer. Anders as die vorige twee jare het Transvaalse skole vanjaar heelwat beter as Kaaplandse skole gevaar.

Dit is ook opvallend dat sekere skole gereeld onder die medaljewenners voorkom. Die Hoërskool Pietersburg verdien hier spesiale vermelding. Daar is ook 'n aantal skole wat gereeld onder die 50 toppresteerders in die tweede ronde is: Herzlia, Wynberg Boys' High, Hoër Jongens Paarl, Rondebosch Boys' High, Afrikaans Hoër Pretoria. Twee skole wat vanjaar 'n hele aantal leerlinge in die tweede ronde gehad het, was Hoërskool Middelburg (Kaap) en die Hoërskool Eldoraigne in Verwoerdburg.

Die onderwyser is die sleutelfiguur in 'n skool se deelname. 'n Besielde onderwyser sal die moeite doen om vir sy leerlinge die geleentheid te bied om deel te neem. 'n Onderwyser wat die leerplan met kreatiewe idees behandel en 'n belangstelling by leerlinge wek, vind dit geen buitengewone moeite om sy leerlinge vir deelname te motiveer nie. Die feit dat een of twee standerd 8-leerlinge selfs die tweede ronde gehaal het, is 'n bewys hiervan. Omdat 'n bepaalde persentasie van die vrae oor eietydse nuusgebeure handel, is dit ook opmerklik watter onderwysers hulle leerlinge nuusbewus maak.

Een brokkie statistiek waaroor die reëlingskomitee nie beskik nie en wat hulle graag sou wou bekom, is hoeveel van die medaljewenners wel hul studie in Geskiedenis voortsit.

# VOORBEREIDINGSWENKE VIR DIE GESKIEDENISOLIMPIADE

*WP Visser, Departement Geskiedenis, US*

Wanneer hoërskoolleerlinge jaarliks voorberei vir die Geskiedenisolimpiade van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns moet daar in gedagte gehou word dat die olimpiade in die eerste plek 'n prestige aangeleentheid is. Dit het dus as oogmerk: (1) die identifisering van die top Geskiedenisleerlinge in die land; (2) om aan sodanige leerlinge die geleentheid te bied om hulle insig, kennis en begrip van die Suid-Afrikaanse historiese ervaring, werklikheid en problematiek so deeglik moontlik te toets; (3) die beloning van hierdie vaardighede en prestasies met toekennings wat 'n liefde vir en algemene belangstelling in Geskiedenis as vak onder die skoolgaande jeug sal aanwakker en bevorder.

Daarom word die Geskiedenisolimpiade so gestruktureer dat dit die gemiddelde leerling van die uitstaande geskiedenisleerling skei. Van die ongeveer 2500 kandidate wat jaarliks aan die eerste ronde van die olimpiade deelneem, word slegs die boonste 50 leerlinge geselekteer om aan die tweede en finale ronde deel te neem waarvan die top tien kandidate medaljes verwerf (1 goud, 9 silwer). 'n Ontleding van die finale uitslae van die resente aantal olimpiades toon duidelik dat slegs diégene wat omvattend en deeglik voorberei uiteindelik medaljewenners word.

Die eerste ronde behels keusevrae. Die vrae word op so 'n wyse geformuleer dat dit die welbedagte, wakker en belese leerling ten beste bevoordeel. Vrae word dan ook dikwels "bedrieglik voor-die-hand-liggend" gestel ten einde die fyn onderskeidingsvermoëns van leerlinge te toets en onderwysers behoort hulle leerlinge dienooreenkomstig daarop bedag te maak. Byvoorbeeld - Kies die stelling wat nie pas nie: Seremoniële staatspresidente van die RSA (met keuses CR Swart, BJ Vorster, PW Botha of N Diederichs). Die sleutelwoord is "seremoniële". Dus is die antwoord PW Botha.

Ook die volgende voorbeeld dien ter illustrasie. Kies die stelling wat nie pas nie: Suid-Afrikaanse lughawens (met keuses Jan Smuts, HF Verwoerd, JG Strijdom of DF Malan). Antwoord: JG Stijdom. Die sleutelwoord is "Suid-Afrikaans". Dit is dus uiters belangrik dat onderwysers in die voorbereiding van leerlinge dit moet benadruk dat die vraestel van die eerste ronde nie afgerammel moet word nie, maar dat soveel moontlik van die toegelate 1 uur gebruik moet word om elke antwoordkeuse sorgvuldig te oorweeg. Dit sal voorkom dat leerlinge slagoffers word van vrae met "vangplekke".

Ten einde suksesvol te kan wees, moet kandidate ook oor 'n goeie kennis van kontemporêre nuusaangeleenthede beskik. Die olimpiade vereis van 'n toppresteerder nie slegs 'n deeglike kennis van die verlede nie, maar ook 'n goed belese kennis van die hede. Kandidate moet dus oor 'n goeie en gebalanseerde kennis en perspektief van hedeverskynsels in verhouding tot kennis oor die verlede beskik. Sodanige vrae handel byvoorbeeld oor die Suid-Afrikaanse staatshoof se buitelandse besoeke, Suid-Afrika se verhoudinge met internasionale liggame soos die VVO en die Kernsperverdrag, prominente eietydse Suid-Afrikaanse gebeure, persoonlikhede, organisasies, ens.

'n Deeglike studie van gebeure wat plaasvind in die tydperk tussen 'n vorige jaar se olimpiade en 'n daaropvolgende een en wat in die media gerapporteer word, is dus noodsaaklik. So is daar in die eerste ronde van die 1992 olimpiade die valse stelling gemaak dat die Swartberg die naam van die SAL se nuutste Airbuspassasierstraler is, terwyl kandidate wat op hoogte van gebeure in die nuusmedia was, kon onderskei dat dit inderdaad die SAL se nuutste makrostraler is.


Ten opsigte van die tweede en finale ronde van die Geskiedenisolimpiade word veral kandidate se insig, intellektuele, ontledende en evaluerende vermoëns getoets. Vergelykende vrae, spotprentinterpretasie, begripskennis, die ontleding van verkiesingstatistieke, ens. word gevra. In die 1992 olimpiade is byvoorbeeld 'n spotprent aangaande die Senaatwet van 1955 gevra wat leerlinge in verband moes bring met die verwydering van die Kleurlingstemreg van die algemene kieserslys.

Die bronne waaruit die inligting vir vrae aangaande die Suid-Afrikaanse geskiedenis verkry word, is standaard historiese werke wat binne die bereik van elke leerling is, hetsy in die skool- of dorpsbiblioteek of in die biblioteke van die naaste tersiêre inrigting. Die raadpleeg van Geskiedenisskoolhandboeke word geensins aanbeveel nie aangesien sodanige bronne dikwels onvolledige en foutiewe inligting bevat. In 'n vraag aangaande die Bulhoek Insident van Mei 1921, wat in die 1992 olimpiade gevra is, het baie kandidate die getal ongevalle verkeerdelik aangedui as gevolg van foutiewe inligting wat uit skoolhandboeke verkry is.

Die volgende standaardwerke ter voorbereiding vir die olimpiade word onder andere aanbeveel: CFJ Muller (red.): 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis; AJH van der Walt (et al): Geskiedenis van Suid-Afrika; FA van Jaarsveld: Van Van Riebeeck tot PW Botha; TRH Davenport: South Africa A Modern History; T Cameron (red): Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika, Readers' Digest: Illustrated History of South Africa, ens.

Dit word by onderwysers aanbeveel om leerlinge aan te moedig om reeds vanaf st. 8 vir die Geskiedenisolimpiade in te skryf. Sodoende word waardevolle ondervinding opgedoen wat vorentoe slegs vrugte kan afwerp. Daar was al inderdaad gevalle waar st. 8-leerlinge die eindronde gehaal het. Dit gebeur dan ook dikwels dat die wenners van die Geskiedenisolimpiade se goue medaljes juis daardeur gebaat het dat hulle aan vorige olimpiades deelgeneem het.

Ten slotte wil die komitee van die Geskiedenisolimpiade 'n beroep op alle Geskiedenisonderwysers doen om deur middel van die redaksie van Gister en Vandag enige kommentaar of kritiek op die huidige struktuur van die olimpiade op skrif te stel. U word ook genooi om voorstelle aan die hand te doen oor die soort vrae wat u graag in die vraestelle sou wou sien. Op hierdie wyse sal 'n gesonde wisselwerking van betrokkenheid en belangstelling in die Geskiedenisolimpiade tussen die Geskiedenisonderwysprofessie en die Akademie bewerkstellig kan word. Die olimpiadekomitee onderneem om deur middel van Gister en Vandag te reageer op betekenisvolle kommentaar, kritiek of voorstelle.



Die wenner van die goue medalje André Pretorius van die Hoërskool Ben Viljoen op Groblersdal is iemand met 'n besondere belangstelling in die geskiedenis, die politiek en internasionale gebeure. Hy beskik oor 'n goeie algemene kennis en neem gereeld aan vasvra-kompetisies en debatte deel. In 1990 en 1991 het hy David van Lill se radiovasvrae WIE WEET WAT gewen en vanjaar die Matriekvasvrae. Hy was ook derde in Johan Russouw se Olimpiese Spele-vasvra. Hy het sy skool se akademiese erekleure in 1991 en 1992 verwerf en het vanjaar vir die derde keer aan die Geskiedenisolimpiade deelgeneem. As standerd 8-leerling het hy in 1990 tot die tweede ronde deurgedring wat reeds 'n merkwaardige prestasie is. In 1991 het hy 'n silwer medalje verower. André is ook 'n leier en sportman. Hy is leerlingraadslid en voorsitter van die Debatsvereniging. Benewens die Geskiedenisolimpiade het hy 'n dertiende plek in die Afrikaansolimpiade verwerf. André beplan om in 1993 Europa te leer ken en daarna sy studies voort te sit. Hy het nog nie finaal besluit oor watter kursus hy wil doen nie.

Sy Geskiedenisonderwyser is mnr Harry Oberholzer wat in 1981 die graad B.A. (Ed) met Geskiedenis as een hoofvak aan die Universiteit Pretoria verwerf het. Sedertdien het hy ook 'n B.Ed aan Unisa verwerf. Hy is sedert April 1991 departementshoof aan die Hoërskool Ben Viljoen.

## THE WINNERS

Gold Medal: Pieter Andries Pretorius, Hoërskool Ben Viljoen, Groblersdal.

Silver Medal, second place: Gisela Horn, Hoërskool Brandwag, Benoni.

Silver Medal, third place: Hermanus Nicolaas Holtzhauzen, Hoërskool Stellenbosch.

Winners of the remaining seven silver medals:

Rowan M. Brewer, St. David's Marist College, Johannesburg.

Johannes Matthews Gouws, Hoërskool Secunda.

Evert Philip Knoesen, Hoërskool Alexandria.

Willem N. Prinsloo, Hoërskool Pietersburg.

Warren N. Shapiro, King Edward VII High School, Johannesburg.

Marc Sishy, King Edward VII High School, Johannesburg.

Hendrik Johannes Wessels, Hoër Volkskool, Potchefstroom.